# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2016

# BIS Uitgewerswese (12131006)

| | |
|---|---|
| **Duur van studie** | 3 jaar |
| **Totale krediete** | 440 |
| **Kontak** | Prof EH le Roux beth.leroux@up.ac.za +27 (0)124202426 |

## Programinligting

Hierdie pakket kontekstualiseer die Suid-Afrikaanse uitgewersbedryf, met spesifieke toepassing op boekpublisering en korporatiewe publisering. Die doelwitte is om studente toe te rus met agtergrondkennis van die bedryf, rolspelers en tendense asook met spesifieke vaardighede ten opsigte van die publiseringswaardeketting. Hierdie vaardighede sluit die volgende in: die werwing van manuskripte toegespits op spesifieke markte; die bestuur van die ontwerp-, reproduksie- en drukfase; redigering en proeflees; finansiële en bemarkingsbestuur. Studente word in staat gestel om as verantwoordelike inligtingtussengangers op te tree ten einde waarde tot die verskillende fases van die publiseringsproses toe te voeg.

## Toelatingsvereistes

- Ten einde te kan registreer moet NSS/IEB/Cambridge-kandidate voldoen aan die minimum vereistes vir graadstudie asook aan die minimum vereistes van die betrokke studieprogram.
- Lewensoriëntering word uitgesluit by die berekening van die TPT.
- Graad 11-uitslae word gebruik vir die voorlopige toelating van voornemende studente.
- 'n Geldige Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) met toelating vir graadstudies word vereis.
- Minimum vak- en prestasievereistes, soos hieronder uiteengesit, word vereis. Op eerstejaarsvlak het studente ? keuse tussen Afrikaans en Engels as taalmedium. In verskeie gevalle word lesings slegs in Engels aangebied, byvoorbeeld vir keusemodules waar die dosent nie Afrikaans magtig is nie, of indien dit nie ekonomies of prakties regverdigbaar is nie.
- Voorlopige toelating tot die vierjaarprogram in die Skool vir Ingenieurswese is alleenlik gewaarborg indien voornemende studente aan AL die vereistes hieronder voldoen.

**Let wel**

Kandidate wat nie aan die minimum vereistes soos hierbo uiteengesit voldoen nie, maar 'n minimum TPT van 30, 'n prestasievlak van 5 vir Afrikaans of Engels, 6 vir Wiskunde en 5 vir Fisiese Wetenskap behaal het, sal oorweeg word vir voorwaardelike toelating tot óf die vierjaarprogram óf die ENGAGE-program op grond van die uitslae van die verpligte NBT.

Toelating tot ENGAGE in die Skool vir Ingenieurswese sal bepaal word deur die uitslae van die NBT, die NSS en ? prestasievlak van 5 in Wiskunde en 4 in Fisiese Wetenskap, asook ? prestasievlak van 4 in Afrikaans of Engels, tesame met ? TPT van 25.

Studente mag direk aansoek doen om oorweeg te word vir die ENGAGE-program.

| **Minimum vereistes vir 2016** |
|---|

| Prestasievlak | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Afrikaans of Engels** | | | | **TPT** |
| NSS/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | |
| 5 | 3 | C | C | 28<br>(25-27 toelating gebasseer op die NBT) |

Indien ’n kandidaat ’n TPT van 25 tot 27 behaal sal toelating oorweeg word op grond van die uitslae van die NBT mits die kwotas vir studentegetalle nog nie bereik is nie.

## Ander programspesifieke inligting

- Kies ‘n **taal** tot jaarvlak 3 van die taalmodulegroepe, bv. Afrikaans, Duits, Engels, Frans of ’n Afrikataal in oorleg met die pakketorganiseerder. ’n Taal vir beginners mag nie gekies word nie.
- Kies modules ter waarde van **24 krediete** op **jaarvlak 1** van die geselekteerde taal.
- Gaan voort met dieselfde taal tot jaarvlak 3 soos op jaarvlak 1 gekies.
- Kies module(s) ter waarde van **40 krediete** op **jaarvlak 2** van die geselekteerde taal.
- Gaan voort met dieselfde **taal** op jaarvlak 3 soos op jaarvlak 1 en 2 gekies.
- Kies modules ter waarde van **30 krediete** op **jaarvlak 3** van die geselekteerde taal.
- Studente wat hul taalstudies nagraads wil voortsit, moet die betrokke departement raadpleeg ivm die keuse van hul modules en om moontlike addisionele modules te neem.

Verwys na Fakulteit Geesteswetenskappe, vir inligting in verband met die taalmodules.

**TAALGROEPE VIR KEUSES IN PROGRAMME**

Let wel: U moet asb die alfabetiese modulelys raadpleeg vir volledige inligting rakende alle taalmodules soos hieronder gelys, aangesien sommige van hierdie modules spesifieke vereistes/voorvereistes het.

**Modulegroep 1 – Afrikaans**

**Jaarvlak 1**

• As moedertaal: AFR 110,120

• Vir sprekers van ander tale (ook vir sprekers van ander tale wat vir kwalifikasies in die regte en opvoedkunde ingeskryf is) AFR 114

• Vir studente in die regte (eerste taal): AFR 110 Nota: AFR 120 kan bykomend geneem word.

• Vir opvoedkundestudente: AFR 110,120 (moedertaal); AFR 114 (sprekers van ander tale)

**Jaarvlak 2**

• As eerste taal: AFR 214, AFR 210,220

• Vir opvoedkundestudente: AFR 214, AFR 220

• Taal, kultuur, kommunikasie en media: LCC 210,220

**Jaarvlak 3**

• As eerste taal: AFR 311,321

• Vir opvoedkundestudente: Vrye keuse uit die modules met alfakodes AFR en LCC wat op jaarvlak 3 aangebied word.

• Taal, kultuur, kommunikasie en media: LCC 312,320,322

**Modulegroep 2 – Engels**

**Jaarvlak 1**

- Vir spesiale doeleindes: ENG 118
- Vir akademiese doeleindes: ENG 110,120

**Jaarvlak 2**

ENG 210,220

**Jaarvlak 3**

- ENG 310,320
- ENG 311,322

**Modulegroep 3 – Frans**

**Jaarvlak 1**

- Vir beginners: FRN 104,181 (LLM studente)
- Kultureel-professioneel (vir student wat Frans in Graad 12 geslaag het): FRN 113,123

**Jaarvlak 2**

FRN 211,221

**Jaarvlak 3**

Kultureel-professioneel: FRN 361,362,363,364

**Modulegroep 4 – Duits**

**Jaarvlak 1**

- For beginners: DTS 104
- Kultureel-professioneel (vir studente wat Duits in Graad 12 geslaag het): DTS 113,123

**Jaarvlak 2**

DTS 211,221

**Jaarvlak 3**

Kultureel-professioneel: DTS 361,362,363,364

**Modulegroep 5 – Grieks**

**Jaarvlak 1**

GRK 110,120

**Jaarvlak 2**

GRK 210,220

**Modulegroep 6 – Hebreeus**

**Jaarvlak 1**

HEB 110,120

**Jaarvlak 2**

HEB 210,220

**Modulegroep 7 – Latyn**

**Jaarvlak 1**

LAT 110,120 (studente wat Latyn in Graad 12 geslaag het, kan direk met Latyn op jaarvlak 2 voortgaan.)

**Jaarvlak 2**

LAT 210,220

**Jaarvlak 3**

LAT 310,320

**Modulegroep 8 – IsiNdebele**

**Jaarvlak 1**

Vir sprekers van isiNdebele as huistaal of eerste of tweede addisionele taal: NDE 110, AFT 121

**Jaarvlak 2**

NDE 210, AFT 220

**Jaarvlak 3**

NDE 310, AFT 320

**Modulegroep 9 – IsiZulu**

**Jaarvlak 1**

- Vir beginners: ZUL 110,120
- Vir sprekers van isiZulu as huistaal of eerste of tweede addisionele taal: ZUL 111, AFT 121

**Jaarvlak 2**

- Vir studente wat ZUL 110,120 op jaarvlak 1 gedoen het: ZUL 210,220
- Vir studente wat AFT 121, ZUL 111 op jaarvlak 1 gedoen het: AFT 220, ZUL 211

**Jaarvlak 3**

ZUL 310, AFT 320

**Modulegroep 10 – Sepedi**

**Jaarvlak 1**

- For beginners: SEP 110,120
- For speakers of Sepedi as home language or first or second additional language: SEP 111, AFT 121

**Jaarvlak 2**

- Vir studente wat SEP 110,120 op jaarvlak 1 gedoen het: SEP 210,220
- Vir studente wat AFT 121, SEP 111 op jaarvlak 1 gedoen het: AFT 220, SEP 211

**Jaarvlak 3**

SEP 310, AFT 320

**Modulegroep 11 – Spaans**

**Jaarvlak 1**

Vir beginners: SPN 101,102

**Jaarvlak 2**

SPN 211,221

**Jaarvlak 3**

SPN 311,321

**Modulegroep 12 – Portugees**

**Jaarvlak 1**

- Vir beginners: PTG 101
- Portugese taal en kultuur (vir studente wat Portugees in Gr 12 geslaag het): PTG 113,123

**Jaarvlak 2**

PTG 211,221

**Jaarvlak 3**

PTG 311,321

## Slaag met lof

'n Graad (voorgraads) in die Skool vir IT word met lof toegeken aan 'n student indien hy/sy geen module van die finale studiejaar moes herhaal nie, ’n geweegde gemiddelde van minstens 75% vir al die voorgeskrewe modules van die finale studiejaar behaal het en op voorwaarde dat ’n subminimum van 65% verkry is in elkeen van die finalejaarmodules. Die graadprogram moet in die minimum voorgeskrewe tydperk voltooi word. Ad hoc-gevalle sal deur die Dekaan, in oorleg met die betrokke Departementshoof, hanteer word.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.